

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Vergifnis: te maklik of te moeilik?

### Skriflesing: Matteus 18:21-35 (1953)

<sup>21</sup> Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?

<sup>22</sup> Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.

<sup>23</sup> Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken.

<sup>24</sup> En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tienduise talente skuldig was.

<sup>25</sup> En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.

<sup>26</sup> Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.

<sup>27</sup> En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytskeld.

<sup>28</sup> Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.

<sup>29</sup> Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.

<sup>30</sup> En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.

<sup>31</sup> En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.

<sup>32</sup> Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytskeld, omdat jy my gesmeek het;

<sup>33</sup> moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?

<sup>34</sup> En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.

<sup>35</sup> So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

## Broodjies vir die pad

The weak can never forgive. Forgiveness is the attribute of the strong.

*Mahatma Gandhi*

All major religious traditions carry basically the same message, that is love, compassion and forgiveness the important thing is they should be part of our daily lives.

*Dalai Lama*

Because forgiveness is like this: a room can be dark because you have closed the windows, you've closed the curtains. But the sun is shining outside, and the air is fresh outside. In order to get that fresh air, you have to get up and open the window and draw the curtains apart.

*Desmond Tutu*



## Vinnig veranderende tydgees maak filosoof Bergson weer relevant

As hy klas gegee het, was die sale altyd stampvol. Mense het op lere geklim om deur hoë vensterrame 'n glimp van hom te vang. En tydens 'n besoek aan New York het hy een van die eerste verkeersknope in die moderne geskiedenis veroorsaak. Sy faam was ongekend - honderd jaar gelede is die Fransman Henri Bergson (1859 – 1941) as die beroemdste lewende filosoof beskou.

Hy het hom teen die oorheersend megenistiese denke van sy tyd uitgespreek: vir hom was die basis waaruit ons die werklikheid kan leer ken nie rasonale konsepte nie, maar ons ervarings.

Trouw, Hein van Dongen, filosoof

Na die Tweede Wêreldoorlog het Bergson se gedagtes in vergetelheid geraak. Maar nou stel mense weer in hom belang. Die filosoof Hein van Dongen, wat vandeesdaag 'n Nederlandse inleiding tot die Franse denker uitgee, verduidelik hoekom.

Wat het Bergson indertyd so geliefd gemaak?

“Sy eerste twee geskrifte het nie veel aandag getrek nie. Belangstelling in hom is geprikkel met die verskyning van sy eerste boekie oor lag. Terselfdertyd, rondom 1900, het hy professor geword. Bergson was 'n uitmuntende spreker: die mees poëtiese volsinne het asof vanself van sy lippe gerol, dus was sy lesings baie gewild. Nadat die beroemde Engelse sielkundige, William James, Bergson se idees begin bevorder het, het hy ook in die Angel-Saksiese wêreld bekendheid verwerf.”

Wat het Bergson te sê gehad?

“Hy het hom teen die oorheersend meganistiese denke van sy tyd uitgespreek: nie rasionele konsepte nie, maar ons ervaring is volgens hom die basis van waaruit ons die werklikheid leer ken. Hy het in homself gewaar hoe sy ervarings konstant aan die verander was: ons werklikheidsbesef is ‘n voortdurende bewussynstroom, nie ‘n reeks vasstaande konsepte nie. Omdat alles al die tyd vloeibaar bly, kan mens volgens Bergson geen permanente denkstrukture vind nie, net maar tydelikes. Hierdie basiese idee het hy in die loop van sy lewe op allerlei filosofiese en maatskaplike vraagstukke van toepassing gemaak.

‘n Deurlopende bewussynstroom? Dit klink boeddhisties.

“Ja, nogal, maar Bergson self is nouliks deur die boeddhisme beïnvloed. Waarskynlik het hy maar eers laat in sy lewe daarmee in aanraking gekom. Daar is bowendien ‘n groot verskil: waar boeddhiste die verganklikheid as iets negatiefs sien waaraan ontkom??(ontstegen – bo dit uitstyg?) moet word, sien Bergson dit juis as positief op die lange duur: om verandering te ervaar, was vir hom ‘n goddelike ervaring.”

Ook heers daar nou, soos rondom 1900, die gevoel dat ‘n nuwe manier van dink nodig is. Alles om ons verander so vinnig dat vasstaande konsepte nie meer voldoen aan die eise van die tyd nie

Was sy idees vernuwend, nuut?

“Bergson het uitdrukking gegee aan dit wat baie mense beleef, geleef, het. Jy kan jou voorstel hoe ‘n ultra-dinamiese tyd 1900 se dae moes gewees het. Byna alles wat ons nou om ons heen sien, van elektriese trams tot motors, vliegtuie en huise met elektriese verwarming, het toe ontstaan. Daarby het die Christendom sy houvas op die mens begin verloor: in kafees is driftig gedebatteer oor die skepping en die evolusie.

In tye van verandering verloor konseptuele sisteme hul vaste grense: mense kyk op ‘n ander manier na hulself. Introspeksie, inkeer, word van groter belang. Dit sien mens ook in die kuns van daardie tyd: die beleving van ‘n stroom sensasies was ‘n belangrike tema. Bergson se idees was dus nie nuut nie, maar hy was wel die eerste wat dit so deeglik uiteengesit het.”

Was Bergson lank gewild?

“Tot 1914 toe is hy beskou as byderwets en avant-garde. Maar die Eerste Wêreldoorlog het die hele klimaat verander: kosmologiese ???ideale is vervang deur sinisme. Bergson se roem het nog ‘n ruk lank voortgeduur. In 1928 het hy die Nobelprys vir lettere ontvang, maar hy was toe al by die sewentig en het nie meer veel geskryf nie.

Na die Tweede Wêreldoorlog het sy invloed heeltemal verdwyn. Die eksistensialisme en die Angel-Saksiese analitiese filosofie het die botoon gevoer. Daarby het Bergson nie ingepas nie, hy het ‘n fossiel geword. Toe ek ongeveer in 1980 filosofie gaan studeer het, het ek sy naam wel hier en daar teëgekome, maar niemand was meer met hom besig nie. Sy enkele oorblywende bewonderaars het dit nie openbaar gemaak nie.”

Hoe staan sake nou?

“Op die oomblik word daar weer baie oor Bergson geskryf: in boeke oor die burokrasie, mediategnieke, die skilderkuns, insekte; oral kom mens sy gedagtes teë. Hierin het die filosoof Gilles Deleuze ‘n belangrike rol gespeel. Ook heers daar nou, net soos rondom 1900, die gevoel dat vernuwende denke nodig is. Alles verander so vinnig dat vasstaande konsepte nie meer die ding doen nie.”

Waaruit blyk dit?

“Wat nou maar die situasie in die Oekraïne: amptelik heers daar nie ‘n oorlog nie, dus vlieg ‘n vliegtuig doodgewoon oor die gebied (en word deur rebellemagte afgeskiet). Na die ramp voer ons minister samesprekings met die regering van die Oekraïne. Maar in hoeverre is die konsepte ‘die Oekraïne’ en ‘die regering van die Oekraïne’ nog ‘n werklikheid soos ons dit altyd geken het? Die rebelle dink in elk geval anders daaroor.

‘n Ander voorbeeld is die arbeidsmark: gestel jy het jou in ‘n sekere vak bekwaam, sê nou maar opleiding in ICT?? ondergaan, maar na vyf jaar blyk dit dat die hele vakgebied nie meer bestaan nie. Bergson beweer: ‘Daar is geen stelsel van denke waarmee mens die situasie wat nou in die wêreld heers, kan uitdruk nie. So ‘n sisteem is onmoontlik, omdat die wêreld voortdurend aan die verander is. Mens moet dus bereid wees om voortdurend konsepte te hervorm. Bergson spoor ons aan tot ‘n plooibare manier van dink.’”

In die media en die akademiese wêreld word spiritualiteit nog van altyd af gesien as iets vir swewers (wat is dit?) Dis een rede waarom mense Bergson se idees dikwels verwerp.

Bergson se denke vertoon dus ook spirituele trekke. Hoe word dit ontvang?

“Dis in sy eie leeftyd gereeld afgemaak as swewend?? en irrasioneel. Bertrand Russell het hom byvoorbeeld spottend ‘‘n digter’ genoem. Vandag sien mens dikwels dat mense slegs ‘n deel van Bergson se filosofie uitlig en die res ignoreer. Ek het juis probeer om hom so volledig moontlik te skets sonder om die leser met my eie kommentaar te verveel.

Maar dit is inderdaad so dat, indien mens sy idees aanvaar, jy ‘n spirituele wêreldbeskouing kry wat ‘n alternatief is vir die gesekulariseerde of materialistiese wêreldbeskouing.”

Hoe so?

“Volgens Bergson is die ervaringstroom wat deur ons vloei ook die lewenstroom van die kosmos: dit vorm die basis van die evolusie en vloei deur alles. Dit klink gnosties. Die verskil is dat Bergson sy uitsprake op wetenskaplike gronde baseer en nie op een of ander openbaring nie. Uiteindelik eindig hy met ‘n baie persoonlike godsbeeld: daar is volgens hom ‘n goddelike energie wat liefde is, en van mense verwag om mekaar lief te hê. Bergson het dus ‘n dubbele aanslag: op wetenskaplike argumente grond hy ‘n wêreldbeskouing wat uiteindelik die wetenskap oorskry.”

Is die spirituele wêreldbeeld ook iets wat die eietydse mens aanspreek?

“In die media en die akademie is spiritualiteit nog altyd gesien as iets vir swewers???. Dit is een rede waarom mense Bergson dikwels verwerp. Eintlik is dit dom, as jy daaraan dink dat spiritualiteit in die res van die samelewing juis baie lewendig is: ongeveer ‘n kwart van die Nederlandse bevolking beskou hulself as ongebonde spiritueel, wat heelwat meer is as die getal ateïste.”

Wie was Bergson?

Henri Bergson is in 1859 in Parys gebore. Sy eerste boeke, *Tyd en die Vrye Wil* (1889) en *Materie en die Geheue* (1896), is eers rondom die eeuwending raakgesien toe hy professor geword het. Die *Skeppende Evolusie* (1907) en *Die Twee Bronne van Moraliteit en Religie* (1932) is ander belangrike werke uit sy pen.

As diplomaat het Bergson in die Eerste Wêreldoorlog waarskynlik ‘n deurslaggewende rol gespeel om die Amerikaners te laat besluit om die Geallieerdes te ondersteun, waarna die Oorlog gou tot ‘n einde gekom het. Daarna was hy betrokke by die stigting van die Volkebond (die voorloper van die Verenigde Volke). In 1928 wen hy die Nobelprys vir letterkunde.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Bergson, wat van Joodse afkoms was, talle aanbiedinge om te vlug van die hand gewys. Daarteenoor het hy in 1941 in sy kamerjas op straat gegaan en ure lank in die koue gestaan om die verpligte armband met die (Dawid)ster op te ontvang. So doen hy longontsteking op en enkele dae later was hy dood.

(vrye vertaling deur Estelle du Toit)

<http://www.trouw.nl/tr/nl/4464/Religie-filosofie/article/detail/3706868/2014/07/31/Vluchtige-tijdgeest-maakt-filosoof-Bergson-weer-in-trek.dhtml>

## Brood vir die pad

### Biko se droom beskaam

*Johan van den Heever*

Môre herdenk ons die dood van Steve Biko.

Hy was nooit ‘n lid van die ANC nie, maar word as een van die ikone van die stryd teen apartheid beskou. Hy sal onthou word as die man agter die swartbewussynsbeweging.

Sal ons ooit die woorde van die destydse minister van polisie vergeet? Jimmy Kruger het só op die dood van Biko gereageer: “Dit laat my koud.”

Nou, 37 jaar later, is die ironie dat die ANC-regering die woorde van Kruger eerder onthou as die nalatenskap van Biko.

Dit sou daarom gepas wees om oor Biko te reflekteer en veral oor hoe hy moontlik vandag op die toedrag van sake in die land sou reageer.

Biko was van mening dat, weens die jare lange uitbuiting van swart mense deur blankes en die gepaardgaande ekonomiese hebsug, wit mense die leuen geglo het dat swart mense minderwaardig en inherent sleg is.

Biko het verklaar dat “rassisme in Suid-Afrika nie alleen op individuele basis berus het nie, maar so geïnstitutionaliseer was dat dit moes lyk na die Suid-Afrikaanse manier van lewe”.

Die stelsel moes dit vir swart mense onmoontlik maak om hulself as die wit mense se gelyke te bewys.

Werkreservering vir blankes en gebrekkige opleiding vir swartes was die manier waarop die stelsel, onder meer, in stand gehou is. Blankes het dan weer die apartheidstelsel as ‘n omgekeerde argument gebruik as bewys van die swart man se minderwaardigheid.

Biko het geglo dat die sukses van die wit magstruktuur daarin geleë is dat die blankes verenig was in hul persepsie dat swart mense gevaarlik is. “Die blote gedagte daaraan dat swart mense hul regmatige plek aan die stuur van Suid-Afrika kan inneem, moes gevrees word.” Swart mense moes van hul minderwaardigheid bevry word.

Biko wou nie die redenasië aanvaar van die liberale wat aan swart mense verduidelik het dat apartheid ‘n klassestryd is nie.

Vir hom was die antwoord solidariteit binne die swart geleedere waar magspolitiese geen plek sou hê nie. Die ideale Suid-Afrika sou, volgens Biko, begin met swartbewussyn waar die swart man deur selfondersoek, sou uitstyg en die mens word wat hy droom om te wees.

Deel van die proses was om die Afrika-kultuur te laat herleef. “Ons kultuur bestaan uit ‘n ware mensgesentreerde samelewing waar die waarde van deel bo alles staan. Swart kultuur is bo alles die vryheid om innoverend te kan wees sonder om die waardes van wit mense oor te neem.”

In die ideale Suid-Afrika moet jy sonder vrees kon lewe. “Waarheid moet oor die kwaad triumfeer.”

Hy het nie ‘n omgekeerde rassisme bepleit nie. “Swart mense het genoeg ervaring as objekte van rassisme om nou die bordjies te wil verhang.”

Sy droom was ‘n ware menswaardige gemeenskap waar geen rassiediskriminasie of onderwerping enige rol meer sou speel nie.

Biko sou uiters teleurgesteld gewees het in die standaard van onderwys in die land. Die vakbonde wat die onderwys en standaard van onderrig kniehalter, sou vir hom ‘n steen des aanstoots gewees het. Hy sou nie kon begryp dat vakbonde steeds die land se swart jeug te na kom nie.

Vir hom sou daar geen trots in gewees het dat graad 12-leerders met 33% kon slaag nie. Dit sou eerder die bevestiging van die ou stelsel wees waar die swart jeug met die minste tevrede moes wees.

Hierdie stelsel sou, wat hom betref, nie meewerk daartoe dat swart jeugdige kan uitstyg om te word wat hulle droom om te wees nie. Sukses was volgens hom nie net vir die uitsonderlike enkeling bedoel nie; die stelsel moes dit vir almal moontlik maak.

Wat sou hy gemaak het van die debat oor godsdienste wat uit skole verwyder moet word? Moontlik sou hy ook gepleit

het vir die verwydering van die godsdiens wat deur die sendelinge aan hulle opgedwing is.

In die Afrika-godsdiens is daar geen hel waarmee leerders bang gemaak kan word nie. Daar is geglo aan die inherente goedheid van die mens.

Biko sou dalk wou redeneer dat jy juis nie God uit die skole kon haal nie, want: “Aanbidding is nie iets wat een keer per week gebeur nie. Dit kom voor in ons oorloë, wanneer ons bier drink, dans en in ons gebruike in die algemeen.”

Die tradisionele Afrikaan is inherent ’n godsdienstige mens. Sy godsdienstigheid is egter uitgebuit – aan die een kant deur die inboeseming van vrees vir ’n God wat heelyd eise stel. Aan die ander kant is die Afrika-godsdiens as bygeloof afgemaak teenoor die wetenskaplike geloof van die Westerlinge.

Biko sou dus juis gepleit het vir ’n nuwe verstaan en aanvaarding van die Afrika-geloof, waarvoor jy nie formele aanbiddingsgeleenthede nodig het nie.

Daar kan net bespiegel word oor hoe hy op regstellende aksie sou reageer en veral op swart ekonomiese bemagtiging.

Nepotisme, wat veroorsaak dat net enkelinge by die nuwe ekonomiese vryheid baat vind, sou teen die gees van swartbewussyn ingedruis het.

Wat sou hy oor werkreservering vir swart mense gesê het? Sou hy geredeneer het dat swart mense steeds minderwaardig gehanteer word, juis omdat hulle poste kry waarvoor hulle nie noodwendig die nodige kwalifikasie of ervaring het nie? Die gevolg van die mislukking wat hieruit spruit, is presies wat onder die apartheidsregering gebeur het: Mense voel minderwaardig en bly glo dat hulle onbekwaam is.

Sy argument teen die apartheidsregering, “. . . ’n kunsmatige fabrisering van die waarheid deur mags-honger mense wie se motiewe mag, sekuriteit, rykdom en gemak is”, sou hy moontlik ook vandag teen die ANC-regering gehuldig het.

Die vrees waarteen Biko dit gehad het, die ware mensheid waaroor hy gedroom het, en die deel in die suksesse van die land, daarvan het min gekom. Die verdeeldheid in ons land sou hom hartseer gestem het. Hy sou na alle waarskynlikheid skaamgekry het oor wat van sy droom geword het.

Biko was nie almal se held nie. Daarvoor is hy juis deur die apartheidsregering opgesluit. Die vermoede is dat, indien hy vandag nog geleef het, hy moontlik ook nie die held van die huidige regering sou wees nie.

■ *Dr. Van den Heever is ’n teoloog in die NG Kerk*

<http://www.beeld.com/stemme/2014-09-11-biko-se-droom-beskaam>